# LEKKER LEWE IN DIE STAL!

Wie slaap nog in 'n stal, was sy gesig by 'n krip of lê en wag vir die derde hoenderkraai? Vir die boere met skoubloed in hul are is dit 'n jaarlikse instelling.



***Met 'n yslike kan vaaljapie op die tafeltjie, eet 'n klompie boere in Hannes van Wyk van Riversdal se stal by die Kaapse skou. V.l.n.r. is mnr Fred du Plessis van Robertson, mnr Bobby Torr van Victoria-Wes, mnr Jan Burger van Robertson, mnr Eben Mocke van Upington en mnr Hannes van Wyk***

Boere is anders as ander mense. As individu kan hy, as dit moet, sy rug styf maak en 'n rebelse landburger word wat met alles fout vind, vir niemand wag of vir niks stuit nie – nie eens 'n minister nie – en boonop die belastinggaarder maagsere gee.

Hulle is ook mense van teenstellinge met ewe veel wysheid, eenvoud en hier en daar selfs windmakerigheid en 'n snuifie snobisme in pag.

In die groot geheel is hulle egter die interessantste, rykste, gasvryste en hardwerkendste groep mense in die Suid-Afrikaanse samelewing, met iets soos

'n eie kultuur, 'n sort leefwyse wat net die man wat al roosterkoek geëet of rouleer-velskoene gedra het, met hom kan deel.

Só was dit en só sal dit altyd wees, al ontvolk die platteland nou ook tot by oom Daantjie in die kalwerhok, of al word the Afrikaner 'n stedelike penlekker en trokstoter.

Boere is ook al mense wat ek ken wat met ewe veel waardigheid langs 'n gannahout-vuur in die veld of in die deftigste hotel – met spierwit servet bo by die hempsboordjie ingedruk – sy spyse kan geniet.

Sonder allerhande fieterjasies of omstaan berei hulle 'n koninklike maaltyd voor en sit en eet plat op die hurke in 'n stal met 'n kan vaaljapie onder die kampbedjie en 'n runnikende perd hier langsaan.

By die afgelope Kaapse skou het ek 'n paar aande tussen die stalle rond-gekuier. Meer as veertig boere-vertoners het hier – sommige met huis en haard – tussen die bome vir die duur van die skou in stalle en buitekamers tuis gegaan. Sommige het tent opgeslaan en ander het hulself die weelde van 'n woonwa veroorloof.

**JOHAN VAN WYK**
**DIE BURGER – BYVOEGSEL 27 MAART, 1965**

-------oooooooOOOooooooo-------

